

SENWES BEPERK

(GEÏNKORPOREER IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)

Registrasienommer 1997/005336/06

(“Senwes” of “die Maatskappy”)

Senwes Beperk – ZXSWS

ISIN: ZAEZ00000018

AANDELETERUGKOOPPROGRAM 2017

Senwes stel aandeelhouders hiermee in kennis dat die Maatskappy 'n onafhanklike makelaarsfirma sal aanstel om terugkope van gewone aandele in Senwes ("Senwes aandele") via 'n filiaal van Senwes, deur ZAR X te doen vanaf 30 Junie 2017 (“die Aanvangsdatum”) tot 30 November 2017 (onderworpe aan die hernuwing van die magtiging verleen deur aandeelhouders by wyse van 'n spesiale besluit in 2016), of totdat die aanbod ten volle opgeneem is, of 2% (twee persent) van die uitgereikte aandele terugkoop is, wat ook al eerste plaasvind.

Die Terugkoopprogram word geïmplementeer ten einde 'n waardeonstluitingsgeleentheid aan alle aandeelhouders en deelnemers aan die Senwes Langtermyn Aandeelinsentiefskema te bied, op die Aanvangsdatum en gedurende die periode van die Terugkoopprogram, wat hulle vrywillig kan aanvaar, terwyl likiditeit terselfdertyd vir die Maatskappy se aandele geskep word.

Die direksie is ook van mening dat die Maatskappy se aandele ondergewaardeer is en het besluit dat dit gepas sal wees om 'n Terugkoopprogram te loods, wat tydens en na 'n geslote periode vir die verhandeling van die Maatskappy se aandele sal strek, terwyl die Maatskappy sy jaarlikse finansiële state voorberei.

Alle terugkope in terme van die Terugkoopprogram sal in ooreenstemming met die algemene magtiging wees wat per spesiale besluit aanvaar is deur aandeelhouders by die Maatskappy se algemene jaarvergadering gehou op 26 Augustus 2016 en in nakoming van artikels 44 en 48(8) van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig.

In terme van die Terugkoopprogram sal die koopprys per Senwes aandeel wissel tussen R10,50 en R14,20 (met die bedoeling dat 'n geweegde gemiddeld van **R12,30** per Senwes aandeel nie oorskry sal word nie). Die maksimum totale bedrag wat uitbetaal sal word in terme van die Terugkoopprogram sal R45 miljoen beloop, ongeag die aantal Senwes aandele wat teruggekoop mag word en ongeag die totale koopprys wat betaal mag word, en sal gelyk wees aan 2% (twee persent) van die totale uitgereikte aantal Senwes aandele.

Aangesien die koopprys van aandele in die Terugkoopprogram gebaseer is op die werklike markprys van die Senwes aandele, is die Direksie van mening dat die terugkoopaanbod billik en redelik is.

IN OPDRAG VAN DIE DIREKSIE

**E M JOYNT (MEV)
MAATSKAPPYSEKRETARIS
28 Maart 2017**